




1 November 2017

## Ouditeur-generaal rapporteer 'n langsame maar merkbare vierjaar-verbetering in die nasionale en provinsiale regering se auditresultate

**PRETORIA** – Die ouditeur-generaal (OG), Kimi Makwetu, het vandag nasionale en provinsiale auditresultate aangekondig wat 'n verbetering, hoewel teen 'n baie langsame pas, oor die afgelope vier jaar aantoon.

Die totale uitkomst is soos volg opgesom:

### Totale audituitkomst (alle geouditeerdes)



## A. Nasionale en provinsiale oudituitkomste


Op 'n nasionale vlak was daar 'n geringe verbetering in uitkomst, met die aantal skoon oudits wat vir die totale bevolking tot 30% gestyg het.

Provinsiaal het die Wes-Kaap en Gauteng voortgegaan om die beste resultate te lewer. Dit is ook duidelik dat hierdie resultate van jaar tot jaar volgehou word weens leierskap wat 'n kultuur van aanspreeklikheid benadruk. Makwetu het verdere erkenning gegee aan verbeterings in die oudituitkomst in beide die Oos-Kaap en Limpopo, en het hierdie positiewe tendense toegeskryf aan onderskeidelik die leierskapsrolle van provinsiale tesourie en die premier.

Daarteenoor was uitkomst in Mpumalanga, die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal oor die afgelope vier jaar wisselvallig, wat veroorsaak is deur 'n gebrek aan dringendheid op leierskapsvlak om te reageer op die grondoorake van die oudituitkomst in hierdie provinsies.

In Noord-Wes en die Vrystaat het Makwetu die "gebrek aan aanspreeklikheid en verbintenis tot skoon administrasie" uitgelig as faktore wat die swak vertoning van hierdie provinsies beïnvloed het. Hierdie prentjie verander wel wanneer 'n mens die risiko's wat verband hou met die bestuur van voorsieningskettingbestuurkewessies in gedagte hou (sien afdeling F).

### Nasionale en provinsiale oudituitkomste (alle geouditeerdes)



Hoewel die totale oudituitkomst 'n merkbare verbetering getoon het, is vordering belemmer deur faktore soos swak nakoming van wette en regulasies, veral in die areas van voorsieningskettingbestuur, ontoepaslike monitering van die lewerbaarheid van sleutelprojekte en 'n onvermoë om die finansies van departemente en entiteite behoorlik te bestuur.

## **B. Onvoltooide audits**

Teen 31 Augustus was 26 audits (6%) steeds nie voltooi nie – 'n styging vanaf die 13 audits wat op dieselfde tydperk verlede jaar nie voltooi was nie. Die vernaamste redes was die laat of nie-lewering van finansiële state en uitstaande inligting. Nege van die uitstaande audits was 'n gevolg van 'n poging deur openbare entiteite binne die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) groep en sommige in die portefeuljes van die vervoer- en openbare ondernemings om hulle lopende onderneming-status – die onderneming se vermoë om vir ten minste 'n verdere 12 maande voort te gaan – op te los sonder om bates te likwdeer of 'n risiko te loop om hulle besigheid te moet sluit.


## **C. Finansiële gesondheid van geouditeerdes**

Die kommer oor lopende ondernemingstatus, soos hierbo vermeld, kom teen die agtergrond van 'n regressie in die algemene finansiële gesondheid van geouditeerdes.

“In die geheel gesien, is daar 'n groeiende tendens van departemente om nie daarin te slaag om hulle finansies behoorlik te bestuur nie. Sommige departemente het nie hulle krediteure betaal toe hulle begrotings begin opraak het nie, en het dus ongemagtigde uitgawes vermy, maar die betalings is dan in die volgende jaar gedoen, wat in effek beteken het dat geld wat vir ander doeleindes bedoel is, gebruik is.”

Die grafiese voorstelling op die volgende bladsy bied 'n oorsig van geouditeerdes met aanduiders van finansiële risiko's:

## Oorsig van geouditeerdes met aanduiders van risiko's vir finansiële gesondheid




3

## D. Staatsentiteite

Die oudituitkomste van staatsondernemings het deurlopend agteruit gegaan – dikwels as gevolg van gebrekkige beheer, monitering en versuim. “Die aanspreeklikheid vir staatsbesteding by staatsondernemings is ‘n area wat die aandag van die publiek trek, aangesien regeringsfondse en waarborge gebruik word om sommige van die staatsondernemings te dra,” aldus die OG.

Die grafiek op die volgende bladsy weerspieël die oudituitkomste van die 19 voltooide staatsondernemings oor vier jaar.


## Oudituitkomste van staatsondernemings (SOE's) oor vier jaar



“Die vlak van versuim deur die departemente waaraan die staatsondernemings rapporteer, verskil, en daar was geen enkele benadering in hierdie opsig nie. Die politieke leierskap was ook inkonsekwent – by sommige staatsondernemings was daar ‘n hoë vlak van betrokkenheid, terwyl die vereiste besluitnemings- en beleidsleiding by ander nie voldoende was nie,” het die OG gesê.

Openbare entiteite het in die geheel ‘n effense verbetering oor die afgelope vier jaar getoon, met 22% van hulle wat hulle oudituitkomste verbeter het en 14% wat verswak het:

## Oudituitkomst van openbare entiteite oor vier jaar



4

### E. Bevindings van die bestuur en lewering van sleutelprogramme

Ten einde die belangrikheid van aanspreeklikheid vir staatsuitgawes en die impak van swak finansiële en prestasiebestuur op die lewering van deurslaggewende regeringsprogramme te demonstreer, sluit die OG se verslag bevindings in oor die bestuur en lewering van vyf sleutelprogramme wat by die skattings van nasionale besteding (ENE) vir 2016-17 ingesluit is.

Hierdie programme, wat 'n gekombineerde begroting van R58,5 biljoen het, is:

1. die ontwikkeling van water-infrastruktuur
2. uitgebreide openbare werke-program
3. skole-infrastruktuur
4. voedselsekuriteit en landelike hervorming
5. behuisingsontwikkelingsfinansies.

Die OG verklaar dat hierdie programme óf nie die teikens soos uitgelig in die ENE behaal het nie, óf nie terugrapporteer het oor of die teikens behaal is nie, selfs al is die toegewese begrotings gespandeer. Onvoldoende monitering en swak boekhouding vir die bates en laste was die mees algemene oorsake van kwalifikasies in hierdie verband.

Aldus die OG: "Hoewel die gebruik van uitvoeringsagente dikwels die mees effektiewe manier van lewering is, het die departemente nie die projekte wat deur hierdie agente uitgevoer is, voldoende bestuur en korrek daarvan rekenskap gegee nie. Sommige van die projekte wat deur hierdie programme befonds is, het ernstige swakhede vertoon in terme van vertraagde lewering, swak gehalte van werk en wanbestuur."

## **F. Voorsieningskettingbestuur**


Uitdagings met voorsieningskettingbestuur het een van die sleutelbydraers tot swak audit-uitkomste gebly.

### **Onreëlmatige uitgawes styg**

Onreëlmatige uitgawes het sedert die vorige jaar met 55% tot R45,6 biljoen gestyg. Die OG sê hierdie bedrag kan selfs hoër wees, aangesien dit nie die onreëlmatige uitgawes insluit van die geouditeerdes waar die audits steeds aan die gang is (insluitend Prasa waar onreëlmatige uitgawes verlede jaar byna R14 biljoen was). Verder het 25% van die geouditeerdes vermeld dat hulle onreëlmatige uitgawes aangegaan het, maar dat die volle bedrag nie bekend is nie, terwyl 28 geouditeerdes gekwalifiseer is aangesien die bedrag wat hulle vermeld het, onvolledig was.

Die grafiek hieronder wys 'n vierjaar-tendens in onreëlmatige uitgawes, wat audits wat nie teen die datum van hierdie verslag voltooi is nie, uitsluit.

## Vierjaar-tendens in onreëlmatige uitgawes



Indien die onreëlmatige uitgawes van geouditeerdes van wie die oudits nie op die datum van hierdie verslag voltooi was nie, by bostaande gevoeg was, kan die totale bedrag van onreëlmatige uitgawes tot so hoog as R65 biljoen styg.

Makwetu het gesê die aansienlike styging kan in sy geheel toegeskryf word aan voortgesette swakhede in voorsieningskettingbestuur. Hy wys daarop dat “hoewel afwykings toelaatbaar is, het ons gevind dat dit dikwels nie goedgekeur is nie; of, indien goedgekeur, die afwyking nie redelik of geregverdig was nie”.

Ouditeure in KwaZulu-Natal, die Vrystaat, Limpopo en die Oos-Kaap was die vernaamste bydraers tot die aansienlike toename in onreëlmatige uitgawes vergeleke met die vorige jaar. Die sektore met die hoogste bedrae aan onreëlmatige uitgawes was gesondheid (R11 777 miljoen), vervoer (R6 378 miljoen) en onderwys (R6 090 miljoen).



## **Werknemers wat besigheid doen met die staat sonder nodige verklarings**

Die OG se verslag openbaar verder dat daar geen verbetering was nie in die aanspreek van die kwessies wat sy kantoor jaar na jaar geopper het oor kontrakte wat toegeken word aan werknemers en hulle families sonder die nodige belangeverklaring.

Makwetu het beklemtoon dat, hoewel daar geen wetgewing is wat toekennings verbied aan verskaffers waarin werknemers van departemente 'n belang het nie, die gewysigde Openbare Diensregulasies werknemers van departemente vanaf 1 Augustus 2016 verbied om sake te doen met die staat. Die onus van voldoening aan hierdie regulasies is op die werknemers van departemente, maar departemente het 'n verantwoordelikheid om sodanige voldoening te bemagtig en te monitor. "Gebaseer op die bevindings net in die eerste ses maande van implementering, blyk dit dat hierdie verantwoordelikheid nie die aandag gegee word wat dit verdien nie," het die OG gesê.

## **Impak van die uitdagings van voorsieningskettingbestuur op risikoprofile van provinsies**

In teenstelling met die analise van provinsies verskaf in afdeling A, verander 'n blik op voorsieningskettingverwante uitdagings die prentjie tot die punt waar die Wes-Kaap en Gauteng hulleself bevind in 'n medium-risiko kategorie en waar die Oos-Kaap, Limpopo en KwaZulu-Natal beweeg na 'n hoërisiko-gradering. Die Vrystaat, Mpumalanga, Noord-Kaap en Noord-Wes word gekategoriseer as baie hoërisiko-omgewings wanneer dit kom by voorsieningskettingbestuur. Die nasionale omgewing vind homself ook in 'n medium-tot hoë-risiko omgewing. Hierdie risiko's vorm 'n ernstige bedreiging vir die nasionale gesondheid van departemente en entiteite, met potensiële negatiewe impakte op die lewering van sleutelprojekte.

## **G. Gevolgbestuur**

Die OG het bekend gemaak dat die meeste geouditeerdes die vereiste beleide en prosesse gehad het om te verseker dat die vergrype en bedrog geïdentifiseer en aangespreek word, maar verkies het om dit nie te gebruik nie – 'n duidelike aanwyser van 'n gebrek aan verbintenis tot verantwoordbaarheid. Van die 99 geouditeerdes wat sy kantoor geoudit het, was daar bewerings van finansiële en voorsieningskettingbestuur

wangedrag en bedrog, het 'n derde nie die aantygings ondersoek nie, en by 32% het ondersoeke langer as drie maande geduur.

Hy het voorts gewaarsku dat “Solank die politieke leierskap, senior bestuur en amptenare nie aanspreeklikheid vir oortredings 'n prioriteit te maak nie, sal onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende uitgawes, asook bedrog en wangedrag, voortgaan. 'n Omgewing wat swak is met gevolgbestuur is vatbaar vir korrupsie en bedrog, en die land kan nie toelaat dat geld wat bedoel is om die mense te dien, verlore gaan nie.”

## **H. Betwisting van auditbevindings**

Makwetu het bekend gemaak dat die tendens van betwisting van sy kantoor se auditbevindings in 1016-17 voortgesit en verskerp is, wat gelei het die vertraging van sommige audits.

“Dit is aanvaarbaar dat diegene wat ons audit (geouditeerdes), die uitkoms van audits gebaseer op bewyse en gegronde rekenkundige interpretasies of regsgronde, bevraagteken en betwis. Ons erken ook dat baie van die rekeningkundige en regskwessies wat in die audits hanteer word, kompleks en dikwels oop is vir interpretasie,” verduidelik hy.

Maar Makwetu beweer dat daar by sommige geouditeerdes druk op sy kantoor se auditspanne geplaas word om bevindings te verander bloot om negatiewe audituitkomstes of die openbaarmaking van onreëlmatige uitgawes – sonder voldoende bewyse – te vermy.

## **Slot**

“Daar is tans groot fokus op die rol van ouditeure en hulle etiese verantwoordelikheid om onreëlmatighede en wanbestuur aan te meld. Ons lewer sonder vrees of guns verslag oor swak finansiële en prestasiebestuur, onreëlmatighede en oortredings – en herhaal dieselfde boodskap dikwels jaar na jaar. In die openbare sektor word daar nie altyd aan die ouditeure gehoor gegee of op ons boodskappe gereageer nie. In hierdie laaste jaar

van administrasie doen ons 'n beroep op versuim om aandag te gee aan hierdie verslag en seker te maak dat daar aanspreeklikheid vir staatsuitgawes is," het hy gesê.

Makwetu sê sy kantoor bly verbind daartoe om onvermoeid te werk binne sy mandaat om finansiële en prestasiebestuur in nasionale en provinsiale regering te versterk, en beklemtoon die behoefte daaraan om die basiese dinge reg te doen; dus is die sentrale tema van sy verslag aanspreeklikheid vir staatsbesteding: van die beplanning tot by die mense.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat "Aanspreeklikheid en goeie staatsbestuur sentraal staan tot die bou van 'n doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens. Aanspreeklikheid beteken dat die leierskap rekenskap verskuldig is aan die publiek en verantwoordelikheid aanvaar vir hulle dade, besluite en beleide. Hierdie konsepte van openbare belang en aanspreeklikheid is vervat in die land se grondwet en die wetgewing wat nasionale en provinsiale regering bestuur".

**Uitgereik deur:** Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

**Kontak:** Africa Boso • (012) 422 9880 • [Africab@agsa.co.za](mailto:Africab@agsa.co.za)



**Volg die OGSA op Twitter:** [AuditorGen\\_SA](#)

**Medianota:** Die *gekonsolideerde algemene verslag oor die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) se nasionale en provinsiale staatsoudit-uitkomst* is beskikbaar op [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za). Hierdie mediavystelling is ook in Engels en sy vertaalde weergawes in Zulu, Xhosa, Ndebele, Swati, Sotho, Sepedi, Tswana, Venda en Tsonga op ons webtuiste beskikbaar.

**Omtrent die OGSA:** Die OGSA is die land se hoogste oudit-instelling. Dit is ook die enigste instelling wat, volgens wet, moet ouditeer en verslag lewer oor hoe die regering belastingbetalers se geld spandeer. Dit was sedert sy instelling in 1911 die fokus van die OGSA. Die organisasie het in 2011 sy 100-jarige herdenking as openbare sektor ouditeringserfenis gevier.